



Vak: Graad 5 Wiskunde

Onderwerp: Wiskunde: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 80 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1

Ons gunsteling kleure



Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Hierdie sirkeldiagram vertoon die gunsteling kleure van 'n groep mense.

Die gewildste kleur by die mense is (1) .

Die ongewildste kleur by die mense is (2) .

Opsies Is: pienk | pers | oranje | groen | blou | rooi

1

2



Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Hayley het 48 kolwyntjies gebak. Sy gee 7 aan haar suster. Sy gee 5 aan haar neef.

Hayley het 38 kolwyntjies oor.

WAAR**ONWAAR****Vraag 3: Waar/Onwaar**

2 punte

Die getal 32 het agt faktore.

WAAR**ONWAAR****Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende**


4 punte

285 sekondes = (1) minute (2) sekondes

Opsies Is: 2 | 3 | 4 | 25 | 45 | 85

1**2**

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 5



Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die net van 'n kubus bevat ... reghoeke.

(Tik slegs die getal)

Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

$3,45\text{ l} = \dots\text{ ml}$

Gee jou antwoord as **slegs 'n getal**.

Vraag 7: Veelvuldige Keuse

4 punte

Wat is die faktore van 12?

- | | |
|----------|----------------------|
| A | 12, 24, 36, 48 |
| B | 0, 1, 2, 3, 4, 6, 12 |
| C | 1, 2, 3, 4, 6, 12 |
| D | 1, 2, 3, 6, 12 |
-

Vraag 8: Waar/Onwaar

2 punte

Sam het 42 sjokolades. Indien hy dit met 5 van sy vriende deel, sal elkeen van hulle 8 sjokolades kry.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n Teelepel kan 5 *ml* hou en 'n eetlepel kan 15 *ml* hou.Ek het 3 eetlepels. My 3 eetlepels kan 'n totaal van (1) *ml* hou. Ek sal (2) teelepels benodig om hierdie selfde hoeveelheid te hou.

Opsies Is: 15 | 30 | 45 | 9 | 8 | 7

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

4 703 is groter as

- | | |
|----------|-------------------|
| A | $47\,300 \div 10$ |
| B | 500×10 |
| C | $47\,000 \div 10$ |
| D | 474×10 |
-



Vraag 11: Veelvuldige Keuse


4 punte

'n Hardloper hardloop 5 km in 30 minute.

Dit sal ... minute neem om 8 km te hardloop.

- | | |
|----------|----|
| A | 45 |
| B | 46 |
| C | 47 |
| D | 48 |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12

**Vraag 12: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

... blokkies word vir hierdie konstruksie benodig.

(Tik slegs die getal)

Vraag 13: Veelvuldige Keuse


4 punte

Wat is die waarde van die 2 in 286 137?

- | | |
|----------|---------|
| A | 200 |
| B | 2 000 |
| C | 20 000 |
| D | 200 000 |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 14



Vraag 14: Skryf Jou Antwoord

3 punte

'n Totaal van ... blikkies is in die versamel-'n-blikkie kompetisie ingesamel.

(Tik slegs die getal)

Vraag 15: Waar/Onwaar

2 punte

346 afgerond tot die naaste 10 is 350.

WAAR

ONWAAR

Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

$4\frac{3}{9}$ afgerond tot die naaste telgetal is (1) .

$6\frac{6}{11}$ afgerond tot die naaste telgetal is (2) .

Opsies Is: 4 | 5 | 6 | 7

1

2



Vraag 17: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die afstand vanaf Kaapstad na Knysna is 551 km. Ons het reeds 387 km gery. Hoeveel kilometer moet ons nog ry om by Knysna uit te kom.

Voltooi die onderstaande getallesin om hierdie woordprobleem op te los.

$x = \dots$

Gee net wat aan die **regterkant van die gelykaanteken** vereis word.

--

Vraag 18: Waar/Onwaar

2 punte

Die kleinste getal wat met al die syfers 3; 5; 1; 7 geskryf kan word, is 7 531.

WAAR**ONWAAR****Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

$63\,492 = 60\,000 + (1) + (2) + 90 + 2$

Opsies Is: 30 000 | 3 000 | 4 000 | 400

1**2****Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

Vul die ontbrekende getalle in:

$18,397 = 10 + 8 + 0,3 + (1) + (2)$

Opsies Is: 0,9 | 0,09 | 0,07 | 0,007

1**2**

Vraag 21: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte getallessin, saam met die antwoord, om by die volgende woordsom te pas:

830 boksies *Smarties* word in pakkies gepak met elkeen wat 25 boksies bevat. Hoeveel pakkies word gevul?

- | | |
|----------|-----------------------------------|
| A | $830 \times 25 = 20\,750$ pakkies |
| B | $830 \div 25 = 33$ pakkies |
| C | $830 \div 25 = 33$ res 5 pakkies |
| D | $830 \div 25 = 33,2$ pakkies |

Vraag 22: Waar/Onwaar

2 punte

Nege en vyftig honderstes = 0,059

WAAR**ONWAAR****Vraag 23: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Twintig oor elf in die aand is ... op 'n 24-uur digitale horlosie.

--

Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

13 tiene + agt honderde + 2 ene + nege duisende = ...

- | | |
|----------|--------|
| A | 9 932 |
| B | 13 829 |
| C | 98 132 |
| D | 9 812 |

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

$\frac{15}{25}$ afgerond tot die naaste telgetal is 1.

WAAR**ONWAAR**

